

21 November - VADER

Skrifgedeelte: Matteus 6:25-34

Fokusgedeelte: Matteus 6:31-33 (NAV)

Jesus wys ons op die werklikheid van 'n hemelse Vader wat sorg, waarmee gelowiges rekening moet hou. Dit is juis wanneer ons daardie werklikheid uit die oog verloor dat ons kleingelowig word en beangs oor wat ons sal eet en drink en aantrek. Ongelowiges raak bekommerd oor kos en klere, omdat hulle nie met die werklikheid van 'n hemelse Vader kan rekening hou nie.

By ons as gelowiges moet dit egter anders wees. Ons kan na die wilde voëls kyk en weet dat ons hemelse Vader vir hulle sorg. Ons kan die veldlelies bewonder en weet dat ons Vader hulle so pragtig versier. En by dit alles moet ons onthou dat ons baie meer werd is as wildevoëls en veldlelies.

Net die feit dat God *ons Vader* genoem word, sê al so ontsaglik baie van sy liefde en sorg vir ons. Sy Vaderskap herinner ons aan hoe Hy ons Vader geword het – ons wat van nature en vanweë ons sonde kinders van die duiwel was. Hy het ons Vader geword deur sy eie Seun in ons plek oor te gee.

Deur daardie ontsaglike liefdesdaad het dit vir ons moontlik geword om God *ons Vader* te noem. As die Vader weet wat ons nodig het, dra Hy nie net kennis daarvan nie, maar dit beteken dat Hy daarin sal voorsien.

As ons rekening hou met ons hemelse Vader wat vir ons sorg, dan bekommer ons ons nie oor kos en klere nie, maar kan ons ons beywer vir die Koninkryk van God en vir die wil van God. Ons moet God se belange prioriteit laat geniet in ons lewens en ons kan dit boonop doen met die wete dat God sal voorsien in wat ons nodig het.

Kleingeloof en bekommernis en 'n lewe waarin God se belange tweede kom, getuig daarvan dat jy die werklikheid van jou hemelse Vader uit die oog verloor het.

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5, 6

Ds ASA de Bruyn (Wilropark)